*Persverklaring: Vir onmiddellike vrystelling*

**DIE MELKPRODUSENTE-ORGANISASIE (MPO) REAGEER MET SKOK OP LANCEWOOD SE VERLAGING VAN 45 SENT PER LITER IN DIE PLAASHEKPRYS**
**1 April 2020**

In 'n brief aan boere met die opskrif *Covid-19 Farmers Communication 30 March 2020* word boere ingelig dat die prys wat Lancewood aan hulle betaal, vanaf 1 April met 45 sent verlaag gaan word in die vorm van 'n heffingsvermindering. Afgesien van hierdie heffing wat ingestel word, mag Lancewood dit nodig vind om betalingsvoorwaardes tydelik aan te pas.

**Kommentaar/Opinie**
Die MPO betreur hierdie aankondiging en opper bedenking oor die proses waarvolgens daar geen kennistydperk was betreffende die prysverandering nie, en ook nie met betrekking tot die aanpassing van betalingsvoorwaardes nie.

**Agtergrond oor Lancewood as deel van Libstar**
Lancewood is 'n afdeling van Libstar Holdings Edms. Bpk. Inligting is gebaseer op die 2019 finansiële state en 'n onderhoud op RSG Moneyweb op 18 Maart 2020 met die hoof- uitvoerende beampte (HUB) van Libstar.

Elke maatskappy binne die Libstar groep beskik oor 'n unieke reeks produkte en wêreldgehalte-vervaardigingsvermoëns, wat aan die groep 'n diverse en robuuste portefeulje van ondernemings gee wat Libstar met trots in hul familiegroep huisves.

**Kommentaar/Opinie**
In die lig van hierdie diversiteit en robuustheid behoort Libstar in staat te wees om die huidige situasie minstens vir 'n tydperk te kan absorbeer.

Die gekonsolideerde wins-of-verliesstaat en ander omvattende inkomste vir die jaar geëindig 31 Desember 2019 dui op 'n styging in omset van 2,4% tot R9,9 miljard, en 'n groei van 14,1% in wesensverdienste in 2019. Die Moneyweb-joernalis het daarop gewys dat die 14,1% 'n prestasie is wat deesdae selde gesien word. Die geouditeerde 2019-staat dui 'n bruto wins van R2,4 miljard aan, en 'n bedryfswins van R700 miljoen – 'n styging van 13%.

**Inligting oor rapporteerbare segmente**
Inligting uit kontrakte met klante: bederfbare produkte R4,7 miljard (47% van totale omset), kruideniersware R3,2 miljard (32% van totale omset), versnaperinge en fyngebak R538 miljoen (5% van totale omset), gebak en bakmiddels R700 miljoen (8% van totale omset), en huishoudelike en persoonlike sorg R789 miljoen (8% van totale omset).

**Kommentaar/Opinie**
Versnaperinge en fyngebak sal die segment wees wat gebruik maak van mozzarella en ander sagte kase, en dit maak slegs 'n klein gedeelte uit van Libstar se besigheid.

2de Vloer, Katoen SA Gebou / 2nd Floor, Cotton SA Building, Watermeyerstraat 86 / 86 Watermeyer Street, Val de Grace, Pretoria 0184;
Posbus 1284 / PO Box 1284, Pretoria 0001, RSA Tel: +27 (0) 12 843 5600 Faks / Fax: +27 (0) 12 804 4811 ;
E-pos / E-mail: barbara@mpo.co.za/info@mpo.co.za

Direkteure / Directors
C Wellbeloved (Nasionale Voorsitter/National Chairman), Z Gebeda Onder-voorsitter/Vice Chairman), H Cilliers, D Dickson, S Ferreira,
S Garland, B Green, H Nel, HJ Pretorius, Dr CJ van Dijk, B van Greunen,

In die onderhoud op Moneyweb het die joernalis aan die HUB van Libstar Holdings gevra wat die uitwerking was van paniekaankope, waarop hy geantwoord het dat hulle voorraad uitgeput is, net soos die ander ondernemings. Hy het verder gesê dat hulle geen probleme ondervind met voorsiening aan Libstar, of met Libstar se voorsiening van produkte nie.

Later het die joernalis die HUB gevra wat hy in finansiële terme van die jaar verwag. Die HUB het gereageer deur te sê dat uitgesluit die huidige situasie, want ons het gee idee wat die totale effek daarvan sal wees nie en toe voortgegaan om ’n normale scenario te beskryf.

In die lig van bogenoemde versoek die MPO Libstar Holdings en die Lancewood-afdeling dringend om hul aankondiging te heroorweeg en eerder met die boere wat melk aan hulle lewer te kommunikeer om melkproduksie af te bring, en om parallel daarmee gebruik te maak van die vraag-elastisiteit in melkprodukte om verkope op kleinhandelsvlak te verhoog. In dié proses word verbruikers bemagtig om suiwelprodukte op te hoop vir versterkte immuniteit en verhoogde vitamien-inname.

**Uitgereik deur die MPO**

**Volg #MilkMpo op Twitter en @MilkProducersSA op Facebook, of besoek mpo.co.za vir meer inligting.**